

Rosmini se Natuurregbydrae ten opsigte van Menseregte in die Burgerlike Politieke Gemeenskap

Dr N.P. Swartz

Synopsis

Rosmini's Natural Law Contribution regarding Human Rights in the Civil Political Community

Rosmini attempts to create a Christian community from a theological-philosophical framework, by virtue of natural law. In this way he moves away from Thomas Aquinas's notion of analogia entis and participation and reaches the imago Dei principle where man's image is equated with God. This provides him with a departure point for creating a Christian basis of human rights from the perspective of natural law. The Aristotelian-Thomistic thought regarding the soul/body component serves as a basis of the argument for human dignity. Once such dignity has been established, man realizes that due to his godly nature, he is a carrier of human rights. This approach requires that, due to his rationality, man be clothed with rights and responsibilities. On the grounds of such rationality, man is to exercise his rights in such a way that he does not impair the rights of others. Out of the rights and responsibilities of the individual developed the civil political community. This community, which stands under the divine order of creation, must act within the boundaries of its authority. It is not to violate the rights of the individual citizen; indeed, it is the duty of the civic political authority to protect its citizens. The individual citizen must, in turn, not attack the civic authority. The civic political community should establish the virtues of justice and wisdom in its citizens, since virtuous citizens ensure a stable civic

political community in which human rights can be upheld effectively.

1. Wie was Rosmini?

Antonio Rosmini is in 1797 in Rovereto gebore, 'n Italiaanse dorpie wat destyds deel van die Oostelike Hongaarse Ryk uitgemaak het. Hy voltooi sy tersiêre opleiding in die teologie aan die Universiteit van Padua en hy word in 1821 as priester gewy. Met sy besondere aanleg in skryfvaardigheid het hy op aanmoediging van sy kollegas eerder teologiese boeke geskryf as om sy verpligtinge as priester na te kom. Deur sy publikasies het hy groot indruk in geestelike geleedere sowel as in filosofiese kringe gemaak. Sy aansien in kerklike kringe het dermate gestyg, dat Pius IX oorweeg het om hom tot kardinaal te verhef. Alhoewel hy 'n beroemde en opspraakwekkende figuur in Italië was, was sy bekendheid in Europa relatief min. Rosmini het nie gehuiwer om standpunt in te neem teen staatsinmenging in kerklike aangeleenthede nie (Davidson, 1882: xxv-xlix).

2. Inleiding

Die ondersoek na die aard van die Christelike samelewing, die aard van die mens en die rol van die natuurreg kan volgens Rosmini nie los van die filosofie bestudeer word nie. Hy stel dat die teologie en die filosofie op mekaar aangewese is (Rosmini 2004: vii, 36). Vanuit hierdie vertrekpunt stel Rosmini die idee van die syn as grondslag van sy menseregteleer. Die basis vir 'n Christelike menseregteleer vind hy deur raaklyne te trek tussen die Thomistiese *analogia entis* en die partisipasieleer met sy kenteorie en sinsleer. Met betrekking tot die syn aanvaar Rosmini dat die mens deel het aan (partisipeer in) goddelike eienskappe. Daarom is 'n deeglike kennis oor regte en verpligtinge van die mens van deurslaggewende belang vir 'n studie van menseregte. So 'n studie moet egter aan die hand van die burgerlike politieke gemeenskap in die menslike samelewing gedoen word. Rosmini se siening oor die mens se regte en verpligtinge is in 'n groot mate van sy siening oor die aard van die burgerlike politieke samelewing afhanklik. Rosmini identifiseer drie verskillende sosiale samelewingstrukture in die menslike samelewing, naamlik die burgerlike politieke samelewing, die huislike samelewing en die kerklike samelewing (Cleary, 1992: 40). Vir doeleindes van dié ondersoek sal net die burgerlike politieke samelewing behandel word.

Die doel van dié studie is om te bepaal watter bydrae Rosmini tot 'n Christelike menslike samelewing gelewer het. Daar word aandag gegee aan die teologiese, filosofiese en juridiese grondslae van Rosmini se menseregteleer en die implikasie daarvan vir die burgerlike politieke samelewing.

3. Rosmini se teologiese bydrae

In sy *Antropologia in servizio* (Rosmini, 1991: Titelblad) en *Psicologia* (Rosmini, 1999: Titelblad)¹ ondersoek Rosmini die goddelikheid van die menslike siel. Hy gaan van die veronderstelling uit dat die menslike siel uit twee komponente bestaan: ’n liggaamlike (natuurlike), sowel as ’n intellektuele (goddelike) siele-deel (Rosmini, 1992: 21-22). Hy is van mening dat die goddelike deel die hoogste norm vir die onderskeid tussen goed en kwaad is (Rosmini 1991 : ix).² Die siel word as “opvangbak” vir alle morele oordele beskou. Hierdie persepsie van die siel as die hoogste norm vir goed en kwaad werp enersyds lig op die etiese inhoud van die teologie, en die behandeling van fundamentele regte andersyds. Sy benadering van die siel as hoogste norm rig ook die mens se gedrag in die burgerlike politieke gemeenskap (sowel as in die kerklike en die huislike gemeenskap).

Rosmini redeneer dat, alhoewel die siel oor sowel ’n liggaamlike as ’n goddelike aard beskik, dit ’n eenheid vorm wat tot volle wasdom in die mens kom (Rosmini, 2004: 36). Die mens is dus ’n eenheid wat oor sowel liggaamlike as goddelike elemente beskik. Die goddelike faset maak die mens ’n etiese wese. As etiese wese staan die mens onder die gelding van die goddelike wet, die ewige wet. Die teologiese opvatting van die eenheid van die menslike siel, impliseer egter ook dat die mens se etiese ontwikkeling van die nakoming van ’n stel lewensreëls afhanklik is, wat uit die natuurreg voortspruit. Dié opvatting van die eenheid van goddelikheid en menslikheid verduidelik Rosmini se sienswyse van fundamentele menseregte in die burgerlike politieke gemeenskap. Menseregte word effektief deur die handhawing van die ewige reg beskerm. Analoog aan Rosmini, beweer D’Entrèves, op Thomistiese wyse dat fundamentele regte in die natuurreg en ewige reg vervat is (D’Entrèves, 1965: xxx).

Rosmini verduidelik voorts dat die goeie, dit is die goddelike aard van die mens (intellek), die liggaamlike (natuurlike) uiteindelik sal oorwin en dat die mens sodoende deel (partisipasie) aan God, die Hoogste Syn verkry (Rosmini, 1991: x).³ Dié deelwording aan die goddelike vereis egter ’n

1 *Psychology*. Dié werk van Rosmini bestaan uit vier volumes, wat respektiewelik in die volgende volgorde staan: *Essence of the human Soul*, *Development of the human soul*, *Laws of animality*, en *Opinions about the human soul*.

2 “Intellect and reason on the one hand, and will and freedom on the other, are respectively the active and passive faculties that constitute the human spirit.”

strenge handhawing van die natuurreg. Die gedagte vertoon ooreenkomste met die Thomistiese *analogia entis* en partisipasieleer. Rosmini beklemtoon deurlopend dat God die Hoogste Syn is en dat ander syndes (onder andere die mens) partisipeer aan dié Syn. Omdat hy deelhebber aan die goddelike Syn is, kan die mens aanspraak maak op respek. Respek behels dat die mens uit hoofde van die ewige reg oor 'n fundamentele waarde beskik, wat onvervreembaar is en deur almal gerespekteer moet word. Dié fundamentele waarde, wat die mens op grond van partisipatie aan God deelagtig maak, vorm die basis van Rosmini se (fundamentele) menseregte-teorie.

4. Rosmini se filosofiese bydrae

Ten einde Rosmini se filosofie goed te begryp is 'n kennis van sy kosmologie, ontologie, antropologie en kenteorie nodig. Rosmini se studie oor die aard van die mens (antropologie) beweeg hom na 'n ondersoek oor die werklikheid as geheel (kosmologie) (Davidson, 1882: 255).⁴ Onder die kosmologie behandel Rosmini die ontstaan of oorsaak van die wêreld en onder die antropologie behandel hy die leer oor die mens. Die antropologie, wat 'n noue band met die ontologie het, handel hoofsaaklik oor die liggaamlike en die goddelike aspekte van die mens. Die ontologie handel hoofsaaklik oor die bestaan van God. Soos reeds in hoofstuk een hierbo bespreek, het die siel twee afsonderlike, maar onskeibare elemente, naamlik die goddelike en die menslike (Cleary, 1992: 23). Uit hoofde van die siel beskik die mens oor die rede. Rosmini verklaar aangaande die rede: “(It) is the supreme principle, the root and the fount of real existence and activity in the human being.” (Cleary, 1992: 24) Met die kenteorie beklemtoon Rosmini die rol van die intellek in menslike bedrywighede. Op grond van die rede en uit hoofde van die voorskrif van die natuurreg sal die mens die aard van menseregte in die burgerlike politieke samelewing kan begryp.

Rosmini se filosofiese leer van die kenteorie, kosmologie, ontologie en antropologie lei ons na sy standpunte oor die burgerlike politieke samelewing. Slegs in die burgerlike politieke samelewing kan die relevansie en die praktiese implikasies van Rosmini se filosofie beoordeel word. Die filosofie bied die verwysingsraamwerk vir die sosiale lewe van die mens in onder andere die politieke en die juridiese aspekte. Op grond van die filosofie kan 'n politieke en juridiese menseregteleer beoordeel word. Rosmini verduidelik dat die vestiging van 'n burgerlike politieke

3 Parallele lesing.

4 “The science of the world (...) Cosmology, is unquestionably a science of perception and observation (...) Cosmology, since, after all, man is a member of the world (...)”

gemeenskap in die begeerte van die mense bestaan, om bymekaar te kom en om sodoende 'n doelwit te bereik wat vir die individu andersins onmoontlik sou gewees het (Cleary, 1992: 33). Hy beskou dus die burgerlike politieke gemeenskap as: “(A) (...) a group of persons who will join together for the attainment of a common end.” (Cleary, 1992: 32-33; D’Entrevés, 1965: xv-xvii)

Rosmini is van mening dat die kosmologie, die leer oor die ontstaan en oorsaak van die wêreld; tweedens, die ontologie, die leer oor die bestaan van God; derdens, die antropologie, die leer oor die mens en vierdens, die kenteorie, die menslike verstaan van dinge, die basis vir sy filosofie vorm, waardeur menseregte beslag kry.

In Rosmini se kosmologie staan die mens in 'n afbeeldende verhouding tot God en die wêreld (kosmos). As die mens dieselfde eienskappe as God vertoon, soos byvoorbeeld noodsaaklikheid [soewereiniteit], universaliteit en ewigheid, moes hy altyd bestaan het. Indien die teendeel blyk en die mens oor die eienskappe van kontingensie, partikulariteit en temporaliteit beskik, moes hy 'n begin (aanvang) gehad het. Laasgenoemde is aanvaarbaar, omdat die kosmologie bepaal dat die mens nie sy eie bestaan is nie, maar dat hy 'n oorsaak het (Davidson, 1882: 319).

Volgens Rosmini kan die kosmologie nie volledig behandel word, sonder om die ontologie daarmee in verband te bring nie. Hy is gevolglik van mening dat ons nie die kosmologie kan begryp, sonder om die aard en werking van sy outeur, God, te behandel nie. Rosmini veronderstel dat kennis oor God se bestaan 'n noodsaaklike vereiste vir die mens is, sodat die mens in staat gestel word om God se verordening van die natuureg te verstaan. Dié Thomistiese persepsie vorm deel van Rosmini se kenteorie. Die kosmologie kan dus nie op sigself 'n afgeronde, of onafhanklike wetenskap wees nie. Dit kan slegs deel vorm van 'n hoër wetenskap, naamlik die ontologie (Davidson, 1882: 324). Die ontologie stel dat alhoewel die mens aan die goddelike beeld gelyk is, God en mens in essensie van mekaar verskil. Die mens deel egter in God deur middel van die siel (Davidson, 1882: 328-329). Dié goddelike eienskap, die siel of rede, dui op die teenwoordigheid van die ewige reg in die natuureg in en onder die mense. Die natuureg bepaal die mens se handelinge teenoor andere. Die mens moet deur sy rede gelei word om sy handelinge só te reël dat hy die verheuenheid en dié goddelike eienskappe kan naboots. Die gedagte van *analogia entis* tussen God en mens word deur die *imago Dei* (beeldskap van die mens tot God) veronderstel (Davidson, 1882: 333). Onder Stoïsynse invloed is die *imago Dei* gesien as die vonk van die goddelike, wat in die mens aanwesig is. Onder die invloed van Aristoteles (en gevolglik Thomas Aquinas) is die menslike rede as die teken van die beeldskap van God beskou (Davidson, 1882: 333).

Volgens Rosmini is ideële Syn oneindig en wesenlik volmaak. Hiervolgens kan ons van die veronderstelling uitgaan dat morele goedheid volgens sy aard oneindig is, naamlik dat God, die oneindige Syn is. Die oneindige volmaakte Syn kan dus nie mens wees nie. Rosmini is van mening dat die onvolmaakte beperkte syn (die mens) nie selfstandig is nie, maar gewoonlik met die ideële Syn (God), wat volmaak en oneindig is, verenig. Deur die mens se gerigtheid op God, word die mens as subjek vervolmaak en vervolledig met betrekking tot die nakoming van sy regte en verpligtinge in die burgerlike politieke samelewing. Die mens is dus hierdeur in staat om deur middel van die natuurreg (en positiewe reg) 'n morele oordeel oor sy handeling te vel.

God dien as ontologiese bron, waaruit menseregte in die menslike samelewing hul oorsprong het (Rosmini, 1991: vii-viii).⁵ Die eienskappe van ewigdurendheid, noodwendigheid, ensovoorts, wat op God dui, is juis daardie eienskappe wat die natuurreg bevat: “(This) authority is equally absolute, unchangeable, impassible and eternal because these are all properties essential to the law of justice and uprightness.” (Rosmini, 1991: 384) Dié goddelike en verhewe eienskappe is, volgens Rosmini, juis dit wat aan die natuurreg sy hoër status besorg (Rosmini 1991: 384).⁶ Rosmini konstrueer die natuurreg as 'n Godgegewe reg, waaruit die beginsels van reg en geregtigheid deur middel van die rede afgelei kan word (Rosmini, 1991: 384). Dié standpunt van die natuurreg ontwaak by die mens enersyds 'n natuurbeskouing en andersyds 'n regsbeskouing. Die natuurlike werklikheid word beheers deur die ewige reg (*lex aeterna*), wat weer gelyk aan die *ratio* van God is. Omdat die menslike rede 'n afskaduwing van die goddelike *ratio* is, is die mens in staat om met behulp van sy rede outonoom daardie deel van die natuurreg wat vir hom geld, te ken (Rosmini, 1991: 384) Hiervolgens kan die mens sy aanspraak op menseregte vanuit die Christelike voorskrifte van die natuurreg aflei. Die mens het byvoorbeeld 'n hoër of bonatuurlike entiteit nodig vir die handhawing van menseregte in die menslike samelewing. Die beoefening of handhawing van menseregte is slegs moontlik, indien die mens sy primêre plig teenoor God aanvaar en in Hom glo.

5 “... (person)... mean(s) a substantial relationship, that is, a relationship found in the intrinsic order of being of substance. When these constitutive, ontological elements of person are found in the human subject, we have arrived at the concept of human person... 'person' as the fount of moral, human action, is the foundation of all right inhuman relationships because its very own worth is drawn from that which ultimately forms the human intellectual subject. This moral excellence and superiority by right, which elevates the human person above the whole of nature, must have the same source as all morality and right... we find ourselves in need of a suitable basis for the development of our understanding of the nature of human rights...”

6 “(all) human beings feel equally obliged by the (natural) law (...) absorbs at first sight greater light from the divine ray of justice.”

Rosmini se beskouing van die mens toon ooreenkomste met die Thomisme, waarin die siel ook as goddelik beskou word, maar nie die liggaamlike nie. Dié antropologiese onderbou van Rosmini se filosofie is wesenlik vir sy sosiale of samelewingsleer. Sy antropologie dien dus as basis van morele handeling en die oorsprong van regte en verpligtinge in die menslike samelewing. Rosmini is hiervolgens van mening dat die siel sonder die liggaam ondenkbaar is. Die siel openbaar die teenwoordigheid van die goddelike in die mens. Hy verklaar: “(The) incorporeal, immaterial feeling to which we refer, whose reality cannot be denied despite its total lack of extension and its imperviousness to space of any kind, is spiritual in nature...” (Cleary, 1992: 24) Die siel of goddelike is dit wat die mens die onderwerp van morele handeling maak.

Op grond hiervan sal die mense respek vir andere betoon en sal die handhawing van regte en verpligtinge, wat die onderwerp van menseregte vorm, suksesvol in die burgerlike politieke samelewing geïmplementeer word. Rosmini is van mening dat die beginsels van morele reg nie toegepas kan word, sonder ’n deeglike kennis van die mens nie. Die mens handel noodwendig moreel. Hy laat homself deur die natuuregsgesinsels *suam cuique tribuere* (gee aan elkeen wat hom toekom) en *neminem laedere* (doen ’n ander geen leed aan nie) lei (Van Zyl, 1989: 739-741). Dié natuuregsgesinsels dien as basis vir die handhawing van menseregte in die burgerlike politieke samelewing. Rosmini gaan hiervolgens van die veronderstelling uit dat die mens ’n redelike en sedelike wese en sodoende draer van menseregte is. Hy is van mening dat die mens, op grond van die antropologiese raakpunte tussen God en mens (wat deur die siel gelê is), sodoende oor onvervreembare menseregte beskik, wat deur almal en selfs deur die burgerlike politieke owerheid gerespekteer moet word.

5. Rosmini se juridiese bydrae

Rosmini glo, net soos Thomas Aquinas en Aristoteles, dat die mens ’n behoefte ervaar om in ’n burgerlike gemeenskap met ander te verenig (Rosmini, 1996: vi.). Elke persoon wil hê dat die regte van ander met wie hy in kontak kom, beperk word. Dié burgerlike assosiasie neig dus na ’n gesagslement vir die handhawing van regte en verpligtinge. Daar moet dus ’n politieke regeergesag in die burgerlike politieke gemeenskap teenwoordig wees, omdat daar soms onderdrukking in dié menslike samelewing voorkom. Rosmini verklaar dat ons van die burgerlike regering die vooruitsigte moet verkry dat ons menseregte in die burgerlike politieke gemeenskap gehandhaaf sal word (Rosmini, 1996: vi). Sy juridiese filosofie impliseer dat die burgerlike politieke gemeenskap die regte van almal moet handhaaf. Die beskerming van die burgers se regte moet die burgerlike politieke gemeenskap se eerste doelwit wees. Hiervolgens mag niemand van private of openbare ampte uitgesluit word nie. Dit moet vir die burgerlike politieke gemeenskap vry staan om enige

gepaste kandidaat vir 'n amp te kies (Rosmini, 1996: 211-214). Die gekose kandidaat se vryheid bestaan daarin dat hy nie mag doen wat vir die mense in die burgerlike politieke gemeenskap nadelig is nie. Die enigste beperking op die uitoefening van die amptenaar se vryheid bestaan dus in die regte van die ander mense in die burgerlike politieke gemeenskap.

Rosmini glo dat die burgerlike politieke gemeenskap byvoorbeeld die vryheid van die pers in politieke aangeleenthede tot 'n sekere mate kan beperk. Vryheid van spraak is dus nadelig vir diegene wie se opinies oor sosiale geregtigheid deur bevooroordeelde skrywers verdraai word. Rosmini stel 'n gematigde uitoefening van sodanige vryheid voor: "(Everyone) must so exercise their right that it imposes the least possible limit to others in the exercise of their right." (Rosmini, 1996: 230)

Rosmini is van mening dat onreg aan die kant van die individu (byvoorbeeld 'n amptenaar wat namens die burgerlike politieke gemeenskap ageer) sluit arbitrêre beslissings, magmisbruik en nepotisme in. Persone wat oor legitieme regeergesag beskik, misbruik daardie gesag. Sodanige persone oorskry die grense van hul legitieme gesag; hulle verwaarloos die legitieme uitoefening van hul gesag, deurdat hulle hul gesag vir 'n heel ander doel aanwend as dit waarvoor dit bestem is (Rosmini, 1996: 61). Die verhouding tussen die burgerlike politieke gemeenskap en die burgery word sodoende nadelig geaffekteer.

In die burgerlike politieke gemeenskap sanksioneer twee elemente alle sosiale regte, naamlik owerheidsgesag en die openbare mening. Eersgenoemde behoort tot die regeerders en laasgenoemde tot die burgery. Rosmini is van mening dat die burgerlike regering se grootste plig lê in die handhawing van die ooreenstemming tussen die regeergesag en die openbare mening: "(It) will be the sacred, supreme duty of government to rule civil society according to prevalent public opinion, not according to particular theories" (Rosmini, 1996: 297). Hy meen die burgerlike regering het 'n reg *ad rem* tot sosiale voordeel. In die geval van eiendomsreg en die regte van die individu, mag die regering beslag lê op sodanige voordeel of goed wat die objek van regte is. Die regering kan dit byvoorbeeld deur middel van billike kompensasie doen. Rosmini is van mening dat waar die regering op goedere beslag lê, sonder die belofte van kompensasie, dit 'n onreg deur die regering sal wees (Rosmini, 1996: 302). Dit sal ook 'n misbruik van mag deur die regering veronderstel (Rosmini, 1996: 302-303).

Rosmini is ook van mening dat die burgers nie geweld teen die regeerder mag gebruik nie. Hiermee stem Aquinas saam, deurdat laasgenoemde op die stelreël *omnis potestas a Dei* steun. Rosmini waarsku ook dat die toepassing van die stelreël *omnis potestas a Deo* deur sekere amptenare, wat hul gesag onbeperk wil uitoefen, misbruik word (Rosmini, 1996: 70).

Indien die burgers geweld gebruik vanweë die onreg van die regeerder, sal die burgers daaraan medepligtig wees, en met net soveel blaam as die onbillike regeerder verwyrt kan word: “(The) citizens as a whole can never have the right to violent coercion against their supreme governor. Some of them will necessarily be accomplices of his injustice and consequently have in their power a peaceful means for eradicating it. They can cease to co-operate” (Rosmini, 1996: 319).

Rosmini is van mening dat die regering dit is wat die burgers of mense daarvan maak en dat korrupte regeerders uit ’n korrupte burgery voortspruit (Rosmini, 1996: 319).⁷ As geregtigheid, moraliteit en orde in die gedrag van die burgers gevind word, sal daardie betrokke regering regverdig en moreel goed wees.

Rosmini glo die burgers beskik oor ’n reg tot protes teen ’n regering wat sy mag misbruik. Hierdie reg is die beste waarborg vir ’n gesonde regering en dien tot voordeel van sowel die burgerlike politieke gemeenskap as die individuele burgers. Hy meen dat protes slegs effektief kan wees as sekere voorwaardes nagekom word. Dié reg moet in die openbaar uitgeoefen word: “(The) remonstrances need not be secret; indeed it is helpful if they are public” (Rosmini, 1996: 323). Rosmini glo dat protes openbare gevoel uitdruk, wat die beste reël vir ’n goeie regering is (Rosmini, 1996: 324).⁸

6. Hervorming van die burgerlike politieke gemeenskap

Rosmini konkludeer dat die primêre plig van die regeerder die handhawing en behoud van die burgerlike politieke gemeenskap is. Volgens hom dra geregtigheid, moraliteit en godsdienst by tot die bereiking van die einddoel van die menslike samelewing, naamlik die verkryging van sosiale voordele en die bevrediging van behoeftes. Die toestemming van al die burgers vir die verkryging van sosiale voordele word vereis. Rosmini verklaar: “(Injustice) cannot be present if all the persons interested give their consent” (Rosmini, 1996: 407).

Rosmini is van mening dat persone wat met burgerlike gesag beklee is, maar wat nie dienooreenkomstig vergoed word nie geneig sal wees om hul gesag te misbruik ten einde hulself te verryk. Hulle sal derhalwe nie oor die belange van andere waak, of die openbare welsyn handhaaf nie. Volgens hom moet die burgerlike gesag in verhouding tot rykdom staan: “Civil power should be divided according to the proportion of wealth (Rosmini, 1996: 412).” Dit beteken dat die gesagsdraers voldoende

7 “... governments are precisely what people make them, and that corrupt rulers come from corrupt people; in other words, the people have the ruler they want.”

8 “... the right can often sincerely and faithfully express public opinion, which is the best rule for good government.”

vergoeding ontvang, sodat hulle hul nie met onwettige aktiwiteite bemoei nie en hulself sodoende ten koste van ander verryk. Dieselfde geld met betrekking tot militêre mag en burgerlike gesag. Rosmini verklaar: “(The) same can be said about the material (military) force and civil power. It is obvious that civil power will never be secure if military power is not distributed in the same way as civil power.” (Rosmini, 1996: 412)

In die burgerlike politieke gemeenskap moet voordele optimaal versprei word. Sodanige voordele word verkry deur die maksimale vermeerdering van morele deug. Deug dien as waarborg daarvoor dat die burgerlike politieke gemeenskap sonder onrus sal wees. Daar sal derhalwe ’n toestand van veiligheid en volmaakte rustigheid in die burgerlike gemeenskap heers. Rosmini is van mening dat die burgerlike politieke gemeenskap die beste gevorm kan word deur die uitoefening van twee deugde, naamlik geregtigheid en wysheid: “(The) vast and noble science of civil society is divided into two parts because the City can be ordered in the best way only according to two sublime virtues, justice and prudence.” (Rosmini, 1996: 403) Geregtigheid maak in die mens ’n gevoel van reaksie wakker teen elke vorm van onreg. Rosmini is daarvan oortuig dat geregtigheid deur politieke deugdelikheid ondersteun moet word, sodat voordele gelyk onder die burgers versprei word en hulle nie gedwing word om wederregtelik ander mense se voordele te verkry nie (Rosmini, 1996: 425).

Rosmini is van mening dat die hervorming van die burgerlike gemeenskap tot sy volmaakte vlak gebring word, waar sowel geregtigheid as politieke deugdelikheid met mekaar in harmonie verkeer. Hy kom tot die gevolgtrekking dat regeergesag ’n bate is en dat dit nie net goedsmoeds aan enigiemand geskenk kan word nie (Rosmini, 1996: 427). Die reëls van verdelende geregtigheid en gelykheid moet in hierdie verband as maatstaaf gebruik word in die verspreiding van gesag. Hy stel dit ook dat die regering nie die grense van sy gesag mag oorskry nie, en nie méer gesag mag opneem, as wat dit mag besit nie (Rosmini, 1996: 427). Ingevolge die *nemo plus iuris ad alium transferre potest quam ipse habet*-stelreël, kan die burgerlike politieke gemeenskap nie ’n groter reg uitoefen, as wat dit sigself van die burgers verkry het nie. Die individue het deur middel van die sosiale kontrak aan die burgerlike gemeenskap die mandaat gegee om hul regte te beskerm, en waar nodig, die aantasting van menseregte, met strafmaatreëls, te beperk.

Die toepassing van die *nemo plus iuris*-stelreël impliseer dat die burgerlike gemeenskap nie die mens se lewens onder die voorwendsel van die stelreël, *Salus reipublicae suprema lex* (die veiligheid van die staat is die hoogste reg), mag neem nie. Ingevolge die *nemo plus iuris*-reël, het die burgerlike politieke gemeenskap nie die reg om die menseregte van die burgers te skend nie. Die doelwit van die burgerlike politieke gemeenskap moet die bereiking van die welsyn van sy burgers wees. Rosmini verklaar:

“(If) this end is forgotten or ignored, only a façade of society remains.”
(Rosmini, 1994: vii)

7. Slot

Rosmini het daarin geslaag om ’n Christelike samelewing gegrond op die natuurreg daar te stel. Hy het dit bewerkstellig deur die teologie, die filosofie en die juridiese dimensie bymekaar uit te bring. Die toepassing van hierdie drie aspekte blyk uit dié studie te kulmineer in die burgerlike politieke gemeenskap waarin hul werking prakties tot uitdrukking gebring is. Onder die teologie het Rosmini bewys dat die siel oor ’n liggaamlike sowel as ’n goddelike aard beskik. Rosmini verskaf bewyse dat op grond van die goddelike aard die mens ’n etiese wese is wat oor die vermoë beskik om sy regte en pligte na te kom. Die nakoming van regte en pligte geld egter nie net ten opsigte van die individu alleen nie. Die gemeenskap wat onder die goddelike skeppingsorde staan, moet ook binne die grense van sy regeergesag optree. Hiervolgens moet die gemeenskap nie die individu se regte skend nie.

Die filosofiese konsepte van kosmologie, ontologie, antropologie en die kenteorie bied ’n verwysingsraamwerk vir die sosiale lewe van die mens in onder andere die politieke en die juridiese aspekte. Rosmini beweer dat uit hoofde van die filosofie ’n politieke en juridiese menseregteleer beoordeel kan word. Volgens die studie is dit voor- die-hand-liggend dat die teologie, filosofie en die juridiese aspekte dit vir die mens moontlik gemaak het om in ’n burgerlike gemeenskap te verenig. Die beskerming van die burger se regte moet dus die burgerlike politieke gemeenskap se eerste doelwit wees. Hy het daarom voorgestel dat owerheidsgesag en die openbare mening die burgerlike politieke gemeenskap moet sanksioneer. Rosmini het bewys dat dit ’n misbruik van mag deur die regering veronderstel. Volgens Rosmini moet die burgerlike politieke gemeenskap die welsyn van sy burgers bewerkstellig.

Bibliografie

- AQUINAS, THOMAS. s.a. *Summa theologica*.
 ARISTOTLE. s.a. *Politics*.
 CLEARY, D. 1992. *Antonio Rosmini: Introduction to his life and teaching*. Durham, England: Rosmini House.
 DAVIDSON, T. 1882. *The philosophical system of Antonio Rosmini-Serbatì*. Transl., with a sketch of the author’s life, bibliography, introduction, and notes. London: Kegan Paul, Trench & Co., 1 Paternoster Square.
 DAVIDSON, T. 1883. Review. Sancti Thomae Aquinatis, doctoris angelici. *Opere omnia*. *Mind*, 8(32): 610-616.
 D’ENTRÉVES, A.P. (Ed). 1965. *Aquinas. Selected political writings*. Oxford: Basil Blackwell.
 ROSMINI, A. 1991. *Anthropology as an aid to moral science*. Durham, England: Rosmini House.

- ROSMINI, A. 1992. *Introduction to his life and teaching*. Durham, England: Rosmini House.
- ROSMINI, A. 1994. *The summary cause for the stability or downfall of human societies. The philosophy of politics*. Milan; Glasgow: Bell & Bain Limited.
- ROSMINI, A. 1996. *Rights in civil society. The philosophy of rights*. Durham, England: Rosmini House.
- ROSMINI, A. 1999. *Development of the human soul. Psychology*. Glasgow: Bell & Bain Limited.
- ROSMINI, A. 2004. *Introduction to philosophy. About the author's studies*. Glasgow: Bell & Bain Limited.
- VAN ZYL, D.H. 1989. Justice and equity in Cicero. A critical evaluation in contextual perspective. LL.D.-proefskrif in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.